
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

DIE REGVERDIGHEID VAN GOD

Here, God van Israel, U is **REGVERDIG**…(Esra 9:15) Here, U is **REGVERDIG,** en reg is u verordeninge (Psl 119:137) **REGVERDIG** is U, O Here…(Jer. 12:1) Aan U, Here kom die geregtigheid toe…(Dan 9:7) …want die Here onse God is **REGVERDIG** by al sy werke wat Hy doen…(Dan 9:14) 'n God van trou en sonder onreg; **REGVERDIG** en **REG** is Hy (Deut. 32:4)

Geregtigheid en regverdigheid is sinoniem, m.a.w. hulle beteken dieselfde. Volgens die tekste wat ons hierbo aangehaal het is God **REGVERDIG:** dit is een van Sy uitstaande Karaktertrekke. In die vorige artikels het ons gesels oor God se Grootheid en Goedertierenheid, Sy liefde, Sy Heiligheid en nou sien ons Sy Heiligheid in aksie, en dit is SY **GEREGTIGHEID**.

Heiligheid is 'n gesindheid, **GEREGTIGHEID** of **REGVERDIGHEID** is 'n aksie, 'n daad. Ons probeer deurgaans om die Karaktrekke van God in die praktyk in werking te sien, sodat dit invloed het op ons alledaagse lewens: 'n god en godsdiens wat slegs 'n teorie is, is nutteloos. Die Heiligheid van God **EIS** dat sonde veroordeel word en die sondaar gestraf word. **GEREGTIGHEID** is 'n Heilige God wat **REGVERDIG** optree teenoor die mens. Hierdie regverdigheid is opvallend in straf en in beloning Rom. 2:5 tot 11:…die **REGVERDIGE** oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke: aan die wat deur volharding in goeie werke heerlikheid, eer en onverganklikheid soek – die ewige lewe; maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtigheid gehoorsaam is, grimmigheid en toorn verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek; Want daar is geen aanneming van die persoon by God nie.

DIE REGVERDIGHEID VAN GOD IS GEOPENBAAR IN DIE EVANGELIE. Want ek skaam my nie oor die Evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat

glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek. Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe. (Rom 1:16 en 17) Kom ons kyk hoe dit dan moontlik is vir God om 'n skuldige sondaar vry te skeld en hom onskuldig te verklaar en tog terselfdertyd **REGVERDIG** bly. Jy sien, wanneer 'n mens aan 'n misdaad skuldig is, en deur die hof skuldig bevind word en hy dan onskuldig verklaar word en geen straf opgelê word nie, sou dit 'n daad van **ONGEREGTIGHEID** wees! Wanneer dit by ons **REGVERDIGE** God kom, verwag 'n mens **REGVERDIGE** optrede. Maar, God se Liefde verlang om te vergewe en om met die skuldige sondaars gemeenskap te hê, terwyl Sy Geregtigheid eis dat die skuldige sondaar deur die dood gestraf sal word. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. (Rom. 6:23) Dit lyk dus of God hier in konflik met homself is en of Sy Liefde en Geregtigheid mekaar opponeer. Maar God is **KONSTANT** in Sy Hele Wese, in al Sy Karaktertrekke daar is geen dubbelhartigheid of slapheid by Hom nie. Hy **KAN** nooit met homself in konflik wees nie. Sy Karaktertrekke is absoluut. Hy is absoluut **REGVERDIG** en absoluut **LIEFDEVOL** terselfdertyd. Wanneer Hy in geregtigheid optree is Hy steeds liefde, en wanneer Hy in liefde optree, is Hy steeds regverdig! In die geval van 'n sondige mens, hoe tree God dan in liefde en regverdigheid op gelyktydig? Paulus beantwoord vir ons hierdie vraag in Rom 3:23 tot 26: want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God en hulle word deur sy genade sonder verdienste deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – **OM SY GEREGTIGHEID TE TOON** in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en **REGVERDIG MAAK WIE UIT DIE GELOOF IN JESUS IS.**

Volgens die regstelsel van God kan die skuldige sondaar kwytgeskeld word en vry gaan deur die opoffering van die lewe van 'n onskuldige plaasvervanger. Die skuld van die sondaar was oorgedra op die onskuldige plaas vervanger en die onskuld van die plaas vervanger was oorgedra op die skuldige sondaar. So was dit in die Ou Testament, die Ou Verbond. Daar was die sondeskuld van die sondaar oorgeplaas op 'n onskuldig verklaar! Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie. (Heb. 9:22) Lees sommer die hele Heb. 9. En soos dit met die dier - offers in die Ou Verbond was, was dit met Jesus Christus in die Nuwe Verbond: God het dit vir ons gedoen in die Nuwe Testament, die **BETER VERBOND** wat op **BETER BELOFTES** wettelik gegrond is (Heb. 8:6) Want Hy (God) het Hom (Jesus Christus) wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat **ONS KAN WORD GEREGTIGHEID VAN GOD IN HOM** (2 Kor. 5:21) 'n Wetlike transaksie het afgespeel op Golgota: God het Jesus Christus skuldig gevind in ons plek. Hy het gesterf in ons plek en Sy onskuld het ons sin geword! Halleluja! Christus het die straf vir ONS SONDE, wat die doodstraf is, gely, soda **ONS, VRY** kan wees. Hy het geen sonde gehad nie, daarom kon Sy bloed bedek nie ons sondes nie, maar **WAS DIT WEG!** Op hierdie wyse was God se Liefde en Sy Regverdigheid tevrede gestel, en is SY Liefde daarin uitgedruk dat Hy sondaars vergewe. Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar, geregtigheid en vrede kies mekaar (Psl. 85:11) Kom ons kyk weer na 2 Kor. 5:21: Want Hy, het Hom **WAT GEEN SONDE GEKEN HER NIE**, sonde vir ons gemaak, sodat ons kon word geregtigheid van God in Hom. Is **ALLE MENSE** dan nou regverdig? Nee! Net hulle wat **GLO** in Jesus Christus. En **GLO** is nie net 'n verstandelik erkenning nie (miljoene mense glo dat Jesus Christus bestaan her as a historiese figuur) maar 'n **GELOOF** dat Hy die Enigste Seun van die Lewende God is, en dat Hy **HOU** Verlosser en Here is. (Jou lewe moet hiervan getuig) Daarom, **IN CHRISTUS**, word ons regverdig voor God, op geen ander wyse nie. Buite Christus is ons skuldige sondaars wat die ewige dood verdien en gaan ontvang. …tot lof van die heerlikheid van Sy genade waarmee Hy ons begenadig het **IN DIE GELIEFDE** (Ef. 1:6)

Wanneer God met ons deel, deel Hy met ons **IN DIE GELIEFDE** – in Sy **GELIEFDE** Seun, Jesus Christus. Daar is dan **NOU** geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees (Rom. 8:1) Let op: daar is slegs geen veroordeling vir hulle wat **IN CHRISTUS JESUS** is nie! Ook nie eers later nie, maar NOU! Dis daarom ook dat ons GELOOF só belangrik is, want die Bybel sê: Die **REGVERDIGE** sal uit die **GELOOF, LEWE** (vir ewig!) (Rom. 1:17) Geloof **IN WIE? GELOOF IN JESUS CHRISTUS!** Die gelowige is dus net so regverdig voor die Hemelse Vader soos Jesus Christus Self! Wat is vir die Gelowige (vir JOU en MY as God se Kinders) die gevolge en voordele van hierdie geregtigheid wat ons is Christus Jesus het?

1.VRYMOEDIGHEID EN VERTROUE IN GEBED. Ons het die **REG** om in God se Teenwoordigheid te kom, met vrymoedigheid en vertroue, want ons het REGTE in die Koninkryk van God! Laat ons dan **MET VRYMOEDIGHEID** na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp word. (Heb. 4:16) En dit is die **VRYMOEDIGHEID** wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy Wil (1 Joh 5. 14) Dis baie belangrik dat ons sal **WEET** wat ons regte in die Koninkryk van God is, want ons is burgers van daardie Koninkryk. Weet jy wat jou regte is as 'n burger van die Rep. Van S.A.? Die Grondwet van die land gee en waarborg jou burgerregte. In God se Koninkryk is daar die wonderlike Grondwet: die Bybel, en dit gee en waarborg jou burgerregte as 'n burger, van die Koninkryk van God! Vind uit wat hulle is – dis 'n heerlike voorreg, en moenie dat satan jou eers van een reg beroof weens jou gebrek aan kennis nie! Jy hoef dus nie (soos tradisie jou miskien ook geleer het!) as 'n senuweeagtige, onwaardige, ellendeling voor God te kom nie – dis heeltemal onbybels. Jy kan met **VRYMOEDIGHEID** tot die Genadetroon gaan. Waarom? Weens Sy **GEREGTIGHEID** wat nou joune is IN **CHRISTUS JESUS.**

2.'n **OORWINNAAR**. Want as ten gevolge van die een die dood geheers het deur die een , veel meer sal hulle wat die oorvloed van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe **HEERS** deur die Een, Jesus Christus(Rom. 5. 17) As jy 'n Kind van God is, het jy die gawe van die geregtigheid ontvang deur Jesus Christus en behoort jy te **HEERS** oor jou omstandighede. Die gelowiges van die Ou Testament het net beperkte, tydelike geregtigheid gehad, daarom moes daar die aanhoudende, herhaalde offerhandes gebring word. **TOG HET DIE GELOWIGES VAN DIE OU TESTAMENT WONDERWERKE GEDOEN!**

Hulle het **GEHEERS** oor hulle omstandighede! Dink maar net aan Josua – op sy versoek aan die Hemelse Vader het die son 24 uur lank stilgestaan! (Jos. 10:12 – 14) Wat van Elia – op Karmel het hy water en vuur afgebid (1 Konings 18:31-38) Hierdie gelowiges se geregtigheid was gebaseer op die bloed van diere, net tydelik. Hulle was nie nuwe skepsele soos ons nie, en hulle voordele was verbind aan hulle gehoorsaamheid aan die Wet. ONS geregtigheid is **VIR EWIG** gebaseer op die kosbare Bloed van die Seun van God, ons is nuut geskape in Hom en ons is VRY van die Wet! Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan (Joh. 14:12) Hoeveel te meer behoort ons **VAN DIE NUWE, BETER VERBOND** nie te **HEERS** oor ons omstandighede nie, en wonderwerke behoort deel te wees van ons lewens – dis tog wat Jesus gesê het! Maar, die duiwel het deur tradisie vir ons geleer ons is arme wurms, en ons moet sukkelend en ellendig wees, anders is ons nie soos Christus nie! **DIT** staan nie in Sy Woord nie! Hy sê ons sal **HEERS!** Heers jy? Hoekom nie?! Geliefde, as jy God se Wapenrusting aan het soos beskryf in Ef. 6, **LYK JY SOOS JOU HERE**, want satan weet nie **WIE** in daardie wapenrusting is nie, en hy vat nie 'n kans nie – hy gee pad. En dis 'n groot swakheid van baie Christene: hulle pak die stryd teen satan aan sonder die wapenrusting en nou lyk hulle nie soos God nie, en satan loop hulle plat. Ons moet onder andere die **BORSWAPEN VAN GEREGTIGHEID** aan hê, en die wyse waarop

ons dit aan trek en hou, is d.m.v. ons mond. Wanneer satan aanval met tern-eergedruktheid en beskuldigings dan Sê ons vir hom es vir onsself: Ek is die **GEREGTIGHEID** van God. Daar is dan nou vir my geen veroordeling nie want ek is in Christus Jesus, in die Geliefde. (Rom. 8:1, Ef. 1:6). (Maak vir jou tekste bymekaar oor jou posisie **IN CHRISTUS – GLO** en **BELY** hulle met jou mond) Op hierdie wyse weerstaan jy die duiwel, en hy vlug van jou af weg (Jak. 4: 7) Op hierdie wyse bou jy jou geloof op want jy **HOOR** die Woord van God (Rom. 10: 17) Ek glo hierdie hoofstuk het jou opnuut geïnspireer om die Here te dien met **OORGAWE** weens Sy Ewige Liefde en Regverdigheid wat steeds saamwerk jou ten goede.



Liewe vriende,
Ons landlyn telefone is 'n werklike probleem. Wanneer ons kragonderbrekings het, lui ons landlyne glad nie. Wanneer hulle werk is die Telkom-kabels so beskadig dat ons niks kan hoor nie.

Ons het drie opsies vir jou om met ons te kommunikeer:
Jy kan 'n stempos op die landlyn los en ons sal vir jou bid.
Jy kan jou geskrewe boodskap **WhatsApp na: 0790672984**
Jy kan jou versoeke **e-pos na: stangerchristiancentre@gmail.com**

Ons sal die volgende dag tussen **07:00 en 08:00** vir elke versoek bid.Jy sal bevestiging kry dat ons jou boodskap ontvang het en ons bid.



Mag die Here jou ryklik seën.

Meg Van Zyl en Gebedspan

Skatkis

"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons die wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word" (2 Kor.1:3-4).

Wat 'n versekering! As God se kinders het ons hierdie aanbieding en belofte van vertroosting in alle omstandighede. Dit is hoe Paulus en Silas kon bly wees in Jesus. Hulle het die vertroosting van Sy Gees gehad!

Corrie Ten Boom, 'n gevangene van die Nazi's, het dieselfde ding ondervind en dit was die krag van haar getuienis wat haar regoor die wêreld geneem het. Sy het vertroosting ontvang in haar lyding en kon dit aan ander oordra as 'n aanmoediging omdat sy daardeur gegaan het, versterk deur Jesus.

Ons is 'n kanaal vir Sy liefde en genade om na ander lewens te vloei. Elke ding waardeur ons gaan kan gebruik word tot die bevordering van Jesus se Koninkryk, wat op sy beurt ons seën! Elke draad, goud, wit en selfs swart, sal in die tapisserie geweef word wat na Hom toe sal wys en getuienis sal lewer van Sy pragtige ontwerp. Jou prent sal die omstanders bemoedig.

Hou aan om op ons Here te vertrou. Hy sal ons vertroos en ondersteun tot die werk voltooi is.

Nota oor Donasies

Geliefdes,

Ons is so dankbaar vir julle donasies aan ons bediening en wil julle graag persoonlik daarvoor bedank. Ons het nog julle posadresse, maar kan dit nie langer gebruik a.g.v die posstelsel. Omdat julle E-pos adresse nie altyd ooreenkom met julle name nie, is dit moeilik om julle van jul E-posse af te herken. Kan julle asseblief, as dit moontlik is, ons op julle E-pos laat weet wie julle is sodat ons julle kan bedank. Baie dankie.

Ons waardeer elkeen van julle

Liefde groete.

Meg Van Zyl en Gebedspan

UIT ONS KANTOOR

Geliefde,

Bring die duiwel se koninkryk tot 'n val:
"Maar toe hulle hul nie kry nie, het hulle Jason en 'n paar broeders na die stadsowerhede gesleep en geskreeu: Die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het hier ook gekom" (Hand.17:6).

As kinders van God is ons deur die Heilige Gees bekragtig om ware ambassedeurs van Christus te wees! Hoe meer waarheid ons leer en glo uit die Woord van God, hoe meer bekend raak ons met die vyand se kononkryk en die leerstellings van hierdie wêreld stelsels. Die werk van die Heilige Gees in ons lewens skep 'n lig wat geen duisternis kan oorweldig of vernietig nie. Soos jy die waarheid van God, met geloof en vertroue, oor omstandighede verklaar, weet dat die gesag wat aan jou gegee is onsigbare magte beweeg en verandering sal kom. Die koninkryk van duisternis ly groot nederlae wanneer ons weet, glo en die waarheid verklaar en lig oor duisternis beveel. **Rom. 8:19** verklaar: **"Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God."** Aangesien ons Christus binne-in ons dra, dra ons die antwoorde van die probleme wat die wêreld pla. Christus het vir mense gesterf wie Hom en Sy weë in die eerste plek gesoek het en dan in Sy gesag en mag te wandel om Sy Koninkryk op hierdie aarde te vestig. Dus lei ons alle mense na die Here deur liefde, genesing en hul lewens te herstel met die krag van God en terselfdertyd te kom teen die bose magte wat reeds deur Jesus, ons bevelvoerder en hoof, verslaan is. Dit is tyd om die wêreld om te keer soos ons die korrekte orde herstel en die duiwel se mag oor mense se lewens laat val.

Weereens baie dankie aan julle almal vir jul ongelooflike ondersteuning vir die bediening. Ons Hemelse Vader is getrou en ons vra Hom om elkeen van julle te seën.

Baie liefde

Meg Van Zyl en die Gebedspan



OUR FIRSTLOVE

"To the angel of the church in Ephesus write:

1. These are the words of Him who holds the seven stars in his right hand and walks among the seven golden lampstands.

2. I know your deeds, your hard work and your perseverance. I know that you cannot tolerate wicked people, that you have tested those who claim to be apostles but are not and have found them false.

3. You have persevered and have endured hardships for My name and have not grown weary.

4. Yet I hold this against you: You have forsaken the love you had at first.

5. Consider how far you have fallen! Repent and do the things you did at first. If you do not repent, I will come to you and remove your lampstand from its place.

6. But you have this in your favour: You hate the practices of the Nicolaitans, which I also hate.

7. Whoever has ears, let them hear what the Spirit says to the churches. To the one who is victorious, I will give the right to eat from the tree of life, which is in the paradise of God" **Rev 2;1-7**

All scripture is God breathed and is useful for teaching, rebuking, correcting, and training in righteousness. 2 Tim 3;16. The Bible which is made up of 66 books is divinely inspired and penned by mortal men. What makes the book of Revelation different from the others is that the Lord Jesus personally dictated to the apostle John as to what he was to write down on the scroll. He is instructed to write what he has seen, what is now and what is to take place later.

John had a very close and rather special relationship with Jesus. In the Gospel of John he refers to himself as "the one that Jesus loved". He also mentioned how he lay with his head on the bosom of Jesus. We see John responding to the love of Jesus differently than that of his fellow disciples.

When John is in the Spirit on the Lords Day, he now sees Jesus glorified and falls at His feet as though dead. The Lord assures him not to be afraid and then proceeds to dictate seven letters to seven churches in Asia. Although each church had its own letter written to them, all the letters were available for all to read. It is the first letter written to the church of Ephesus that we will look at and discuss in more detail.

The Lord starts off by acknowledging that He sees and is aware of everything that they are doing, how hard they are working and that they are persevering, discerning between true and false apostles, shunning evil people and enduring hardships for His name. Not growing weary in all their activities.

Up to this point everything is looking good and had the letter ended here most readers would feel quite pleased with themselves and pretty convinced that they are in the per-

fect will of God.

One of the oldest and most effective schemes of our adversary, the Devil, is to get us so busy building the Kingdom of God that we neglect and isolate ourselves from loving our King. It is here that Jesus makes the jolting statement " Yet I hold this against you" You have forsaken the love you had at first. **You have left your 'firstlove'.**

Leaving your firstlove isn't a sudden act, it happens gradually over a period of time. No one instantly falls out of love with someone. This happens when other people and other things are allowed to take preference over and become more important than your primary relationship. There are many churches that ring the bell on a Sunday, open the doors and go through the motions of praise and worship and listening to a sermon. Sadly, many individuals are in a place of works in their relationship with Jesus. What started off as the most amazing experience of their entire life has now become a compartmentalized area of their life. Work – children – church health- relationship with Jesus – gym - husband – read the bible-extra lessons – wife – family time - career, in no particular order.

There are many Christians who are currently involved in some kind of ministry who have found themselves in a "works situation". They are doing it because they have to, not because they want to. Some are simply battling to have any kind of relationship with Jesus. We all know that the flesh is at war with the spirit and has little or no desire to serve or love the Lord. What we are referring to here is the condition of the heart. Having our 'firstlove' is having a heart after God. Consider the first three kings in Israel. Saul, David, and Solomon.

Saul was impressed by valiant military men and chose their company. Solomon surrounded himself with architects, craftsman, and builders. David on the other hand surveyed the land to see who had a heart after God and fellowshipped with them.

As the Father has loved me, so have I loved you. Now remain in my love. John 15;9. Jesus Christ is the same yesterday and today and forever, Heb 13;8. he never changes. **Greater love has no man than this; to lay down one's life for his friends. John 15;13. And I pray that you, being rooted and established in love, may have power together with all the Lords holy people, to grasp how wide and how long and how deep is the love of Christ, and to know this love that surpasses knowledge_ that you may be filled to the measure of all the fullness of God. Eph 3; 17-19.**

When you are head over heels in love with someone, your heart, mind soul and strength is consumed with that person.

It is here that the Lord gives the solution to the problem.

Consider how far you have fallen. Slow down, Stop, Be Still. Wait on God.

Repent. Let us humble ourselves before the Lord in prayer and ask for His forgiveness and stop doing what was offensive to God.

Do the things you did at first. It was at the foot of the cross that we met Jesus and it is there that we remind ourselves what great price Jesus paid for us with His precious Blood. How all our sins were forgiven and washed away. We were Born Again and we would spend eternity with our Lord and Savior. That it was by grace and grace alone that we were saved. How we came to that place of understanding that this world is not our home and that our citizenship is in Heaven. The joy of HIS SALVATION that ruled our hearts. Those precious moments in prayer as we cried out to Abba Father.

In **Luke 15;20** We read about the prodigal who having come to his senses, returned to his Father. So, he got up and went to his Father. **"But while he was still a long way off, his Father saw him and was filled with compassion for him, He ran to His son, threw His arms around him and kissed him.**

Psalm 145;8-9 The Lord is gracious and compassionate, slow to anger and rich in love. The Lord is good to all; He has compassion on all He has made.

There are three pertinent and vital things that the Holy Spirit led us to do when we got Born Again:

Firstly. Our spiritual eyes were opened to read and study the Word of God.

Secondly. We spent time in prayer and communion with the Father, Son and Holy Spirit and longed to have fellowship with our newfound brothers and sisters.

Thirdly. We let our light shine everywhere we went, and we boldly confessed the Name of Jesus and shared the good news of Salvation.

Restore to me the joy of Your Salvation and grant me a willing spirit, to sustain me.

Then I will teach transgressors Your ways so that sinners will turn back to You. Psalm 51;12-13

Now to Him who is able to do immeasurably more than all we ask or imagine, according to His power that is at work within us, to Him be glory in the church and in Christ Jesus throughout all generations, for ever and ever! Amen. Eph 3;20-21

May I love You Lord, with all my heart, with all my soul, all my mind and all my strength. Amen

